Memorandum

Afdeling A: Vraag 1

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | Feit. √<br>"... luidens nuwe navorsing." √ | 2 |
| 1.2 | "nie-gesuiwerde" √ | 1 |
| 1.3 | Gewone olyfolie het 'n laer polifenool-inhoud as gesuiwerde olyfolie √<br>Omdat dit 'n versnit is van gesuiwerde olyfolie/'n meer geprosesseerde vorm van die olie is. √ | 2 |
| 1.4.1 | Nee.<br>Dr. Isabel Corvas het bevind dat die groente-olies, met die uitsondering van gesuiwerde olyfolie 'n proses ondergaan √ waarin die polifenole feitlik verlore<br>raak. √ | 2 |
| 1.4.2 | Die gebruikers van gesuiwerde olyfolie se vlakke van "goeie" HDL cholesterol baie hoog was √<br>Daar was ook 'n afname in oksidatiewe stres. √ | 2 |
| 1.5 | Klapperolie √<br>Bevat versadigde vette wat minder gesond is as die mono-onversadigde vette √ | 2 |
| 1.6 | Die olies se geur/ander eienskappe word afgebreek √ | 1 |
| 1.7 | Sesamolie - lae rookpunt en amber kleur √<br>Grondboontjie-olie – hoë rookpunt en bleek kleur √ | 2 |
| 1.8.1 | Truffelgegeurde olie is nie regte truffelolie nie/Dit is 'n namaaksel. √ | 1 |
| 1.8.2 | Dit het 'n baie sterk geur √ | 1 |
| 1.9 | Druiwepitolie √ | 1 |
| 1.10.1 | Die tapkannetjie sluit dig √<br>Kan langer hou √<br>Geure word nie beïnvloed nie √<br><br>Die olie in die tapkannetjie word nie aan sonlig blootgestel nie | 3 |
| 1.10.2 | Ja. Dit gaan vars bly en sy kan dit gevolglik vir 'n lang tydperk hou √√<br>OF<br>Nee. Die gemiddelde huisvrou gebruik nie olyfolie nie, eerder sonneblomolie. √√<br>*Slegs die motivering verdien 2 punte* | 2 |
| 1.11.1 | Die feit dat die houer in foelie binne 'n tapkannetjie is. √<br><br>Groter skrif/<br>Donkerder skrif/<br>Uitroepteken/<br>Onderstreep/√ | 1<br><br>1 |
| 1.11.2 | Ja.<br>Die woord kan duidelik onderskei word van die ander woorde. √<br>*Nee kan nie as antwoord aangebied word nie* | 1 |
| 1.12.1 | "Vryheid van die pers" √ | 1 |
| 1.12.2 | Olyfolie word gepars√ deur dit te pers √ | 2 |
| 1.13 | "... louere weggestap. . ." / ". . .bekroonde olyfolie. . ." | 1 |

Afdeling B: VRAAG 2

Nasien van die opsomming:

**Tien feite oor die wenwenke van Simon Rademan**

• Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
• Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
• Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
• Rofwerk/Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
• Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

LET WEL:

• Tel van woorde:
  - Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word ’n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming geïgnoreer.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

Punte word soos volg toegeken:

- INHOUD:
  10 punte vir 10 feite
- TAAL:
  Trek die volgende punte af vir spelling:
  1- 8 spelfoute: 1 punt
  9+ spelfoute: 2 punte

Voorbeeld van die paragraaf:

Die drag wat op die uitnodiging aangedui word en die geleentheid moet respekteer word. Hou alternatiewe klere byderhand vir ingeval jy verkeerd verstaan het. Dis outyds om soos die boetie/sussie van jou metgesel te lyk. Neem jou ouderdomsroep en figuur in ag as jy klere kies Gebruik parfuum spaarsaam. Dis ‘n voorreg om op die rooi tapyt te loop. Onthou, dis jou eie verantwoordelikheid is om te sorg dat ander nie op jou rokslepie trap nie. Mans tree altyd hoflik op deur die deur vir die vrou oop te maak. (90 woorde)

Afdeling C
Vraag 3

3.1 humoristiese√
3.2.1 -mi √
3.2.2 adjektief/byvoeglike naamwoord √
3.2.3 Grieks √ (LW: nie G. nie)
3.3 Elke bobbejaan het sy krans √ (Platinum, bl. 94)
3.4 regisseur √
3.5 aktrise**s** √
3.6 definisie √
3.7 skreeusnaakse √
3.8 Tussen ‘n reeks selfstandige naamwoorde word ’n komma gebruik √

Vraag 4
4.1 kompleks. Bestaan uit twee stamme √
4.2 Vormlik verwante woorde word gelykvormig gespel. √
*Leer hierdie reël aan die leerlinge, dit is die een wat in die AWS gebruik word.*
4.3 Die mannetjie se voorkoms dui aan dat hy kwaad is. √
4.4 Ek gaan kwaad word **omdat** jy nooit vir ’n toets **leer nie**. √
4.5 inhaal: Sy haal haar huiswerk in. √
4.6 skrif: Ek kan haar skrif uitken. √
4.7 werkende √
4.8 daardie/hierdie √
4.9 vyf en negentig persent/vyf-en-negentig persent √
4.10 goed √

Vraag 5
5.1 C. Samestellende afleiding √
5.2 Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging √
*Spelling, hoofletters en koppelteken moet korrek aangebied word*
5.3 sokker √
5.4 Musiek oorheers/het die oorhand √
5.5 koninkie √
5.6 Ace is **nie** mal oor sokker en moderne musiek soos hip-hop en rap **nie**. √
5.7 Op pad na ’n sokkerstadium het hy vreemde en wonderlike musici ontmoet wat hom meer oor klassieke musiek geleer het. √
5.8 mees vreemde √
5.9 musikusse √
5.10 verdoel: Die losskakel het die drie verdoel. √